# BOEKBESPREKING

E. P. J. Kleynhans 1984: *Gereformeerde Kerkreg Deel 2: Kerk en Amp.* NG Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. 187 blss. h.b. R11,95.

In 1982 het Deel I as "Inleiding" op Kerkreg as wetenskap en stelsels van kerkregering verskyn. Deel 2 handel vervolgens oor die amp in die Heilige Skrif, bedienaar van die Woord, ouderling en diaken. 'n Vyfde hoofstuk bespreek "die vrou en die amp".

Kleynhans volg, sonder dat hy dit eksplisiet verantwoord, die Skrif, Calvyn en die 16de eeuse Kerkordes na deur die "amp" en nie die "kerk" of "sinode" as uitgangspunt te neem. Die laaste en uitgebreide hoofstuk oorsien kursories van die vroegste kerk tot 1982 die problematiek m.b.t. die vrou in die amp.

Die studie is hoofsaaklik gebaseer op kerkregtelike studies uit GKN-geledere en kan miskien as 'n bondige weergawe van die gedagtes van H. Bouwman (1907, 1928, 1934) aangemerk word. Vanuit gereformeerde oogpunt beskou is sy opset gevolglik behoudend. Die feit dat hy oorwegend ouer GKN- en NG-bronne gebruik laat hom kritiese vrae vermy (Vgl. p. 20 e.v. waar hy bv. nie van L. Floor se *In Dieselfde Spore* kennis neem nie). Hy gee baie Skrifgegewens, hoewel hy te maklik heersende vertolkings en praktyke daarmee gelykstel. Dit is jammer dat in Suid-Afrikaanse teologiese arbeid so min van tydskrifartikels gebruik gemaak word. Kleynhans verwys bv. 'n enkele keer na *Die Kerkblad* maar nooit na *In Die Skriflig* of Hervormde *Teologiese studies* nie. Die werk adem m.i. daarom te meer 'n soort universele ampsleer, asof daar nie probleme aan die orde van die dag is nie. (Vgl. bv. die probleme m.b.t. die diakenamp. In die Skriflig en Sin. Acta, GKSA 1964-1982).

Dit is nie duidelik waarom K "roeping" onder Bedienaar van die Woord (29v) en nie onder "amp en die Heilige Skrif" bespreek nie. Dit is immers tog die sleutelbegrip om ampte van Christus (24) en nie van die kerk nie, af te lei. Hy gee hom ook nie krities rekenskap of sy sterk kategoriese begrip "amp" (23, eenheid van die amp. 101) aan die gedifferensieerde *dienste* van die Skrif (1 Kor. 12 : 28; Ef. 4 : 11v) laat reg geskied nie. Hy handhaaf die skematiese drie-amp-van-Christus-model (24) i.v.m. 'n drievoudige funksie van die kerk (25) terwyl die band met die plaaslike gemeente aan die amp sy "kerkregtelike beslag" (36) verleen. So word amp tog uiteindelik ekklessiologies i.p.v. Christologies (vgl. Art. 30, 31 NGb) gefundeer. Kragtens hierdie "amp"-kategorie (98, volwaardige kerklike amp) met verbygaan van roeping-diffirensiasie en die Skrif gee K die NG Sinode van 1978 gelyk dat die diakens "volle sittingsreg op die kerkraad" (101) het. 'n Sterk gepersonifieerde en geobjektiveerde NG Kerk tree pertinent i.v.m. die strukturering van ampte na vore, sodat die beeld van predikante van die kerk eerder as van Christus na vore kom (39. 52, 71, 85, 102).

'n Mens sou ook krities kan verwys na sekulêre uitdrukkings waarin genootskaplike regsbeginsels eerder as Skriftuurlike geld, bv. die "gemeente het egter die reg om saam te werk" (41), 'n dualisme tussen gemeente en kerkraad (42). Die diaken het "sittingsreg" in die kerkraad (97). Is dit kerklike en Skriftuurlike taal om van "reg" in hierdie sin te praat? Het 'n mens in die kerk van God 'n reg of 'n roeping en plig? Kan ons sê dat "kategete" nie in 'n "amp" staan nie (66)? Is kategeet-wees nie by uitstek leraarsroeping nie?

Kleynhans (99) meen dat 'n Franse (art. 30 NGB) en Nederlandse (Kerkordes na 1581) verskil tot tweërlei opvatting lei nl. of die kerkraad, wat vir K. die uitgangspunt in kerkregering is net uit ouderlinge bestaan. Dit bots in 'n sekere sin met sy eie betoog oor die *presbuteros* (54, 64) en met wat Calvyn geleer het. Tegelykertyd kan moeilik aanvaar word dat die kerkvergaderings in die 16de eeu in hulle Geloofsbelydenis een beginsel aanvaar en 'n ander in hulle Kerkordes sou beliggaam. Lees ons nie art. 30 NGB vandag te struktuurmatig nie? Is die diaken nie ook Raad van die kerk op hulle eie terrein nie — of waar hulle by de ouderlinge geroep word nie (art. 26, 38 KO)? Ewe so dien die vraag hom aan of K nie "meerdere vergaderings" en "kerkverband" as strukture buite die plaaslike kerk en kerkraad beskou nie (bv. 104)?

Ten spyte van die kritiese opmerkings waarmee bedoel word om nadere besinning en kritiese hantering van M. Bouwman (1936) se kerkregtelike beskouings te ontlok. het Kleyhans 'n waardevolle bydrae tot die Afrikaanse teologiese literatuur gemaak en 'n handige naslaanwerk daargestel. Die NG Kerkboekhandel het dit baie netjies uitgegee.

B.S.

M. J. du P. Beukes 1983: *Kategese: 'n Handleiding vir kategete.* Kital, Posbus 460, Pretoria. R12,50.

Die skrywer het gepromoveer in die Fakulteit A van Universiteit Pretoria met 'n proefskrif oor die kategese en is sedertdien aangestel as predikant van die NH Kerk van Afrika by *Kital* met die oog op die bevordering van die kategese. Die voetnote by elk van die 13 hoofstukke dui gevolglik ook aan dat die werk teologies goed verantwoord is. Dit is veral waardevol omdat die skrywer die Bybelse gegewens, veral sleutelwoorde, indringend ontleed Hy lê dan ook nadruk op die feit dat kategese Woordverkondiging is (150, 163). Daarom sou ek verwag dat *kerklike* kategese predikantewerk moes wees. Dit sê B. egter nie.

Uit die aard van die saak neem die skrywer egter die kategese van die Ned. Herv. Kerk van Afrika as basis (hfst. 2). Hoewel hy deurgaans as reformatoriese teoloog, Bybelgebonde besin en die werk van die Heilige Gees deurlopend benadruk (33, 72, 187 v), kan dit nie van sy hantering van die begrip "kerk" gesê word nie. Hy hanteer die begrip "kerk" feitlik sinoniem met die apostels (28). Hy aanvaar die "kerk" as subjek vir die kategese, waardeur *kerk* eintlik (soos by Rome?) geïdentifiseer word met die ampte, vergaderinge, funksionarisse of vergaderings, strukture. Hy bepleit daarom 'n tipe kategeseorganisasie onder 'n "gemeente-kategesehoof" en "rings-kategesehoof" met verslae van die kerkrade aan die Ring en Algemene Kerkvergadering, waar 'n sinodale predikant of predikante die kategese-sentralisasie voltrek (76, 83 v). Hy benadruk die verantwoordelikheid van die predikant (79 v), maar dan nie as die van Christus geroepe leraar (en daarom kategeet) nie, maar as drywer van die kategetespan. Die "kategete", aan wie hy hoë eise stel (90-97), vorm eintlik 'n onderwyserskorps binne die kerksisteem en behartig dus die "gestalte van kerklike verkondiging" (4). Beukes gee toe dat kategete probleme m.b.t. die Bybel kan ondervind (91).

Kragtens die sterk institusionele kerksentrisme kom daar deurgaans 'n dualistiese refrein na vore waarin die kategese die "opbou van die Godsryk in die algemeen en van die NH Kerk van A in die besonder" nastreef (3v, 11v, 101, 158). Die NH Kerk van A wat subjek is, is dus ook objek van die kategese. Die kerk staan soms geobjektiveerd teenoor die katkisant (184). Wanneer 'n mens dus aanneem dat die kerk mense is en nie struktuur nie en dat God in besonder *leraars* (didaskaloi) geroep het om sy algemene kerk op te bou in die plaaslike gemeente (Ef 4), sal 'n mens met Beukes se struktuurbepaling vir die kategese verskil.

Afgesien hiervan, bied die werk van Beukes 'n waardevolle verryking van ons skaars literatuur oor die kategese. Op sy waardevolle bydrae t.o.v. die gebruik van Bybelse gegewens is gewys. So ook benadruk hy hoe noodsaaklik dit is om *doelbepaald* te werk te gaan (hfst. 3). Dit is besonder belangrik dat elke kategeet kennis neem dat hy elke situasie en katkisant persoonlik moet ontleed, sy doel moet bepaal, sy inhoud en metode daarvolgens moet rig en daarna moet evalueer wat hy doen. Hy moet katkisante motiveer, die leerstof na elkeen individualiseer en tegelykertyd sosialiseer. Kategese kan eenvoudig nie vandag meer "lukraak" geskied nie (188—198).

In die aanwending van moderne pedagogiese kennis lewer Beukes 'n definitiewe bydrae tot die kategetiek. Dit is tog 'n feit dat te veel kerklike kategese van 'n eenvormige gemiddelde enerse kindbeeld uitgaan waarin die kategeet een kind presies soos die ander een benader. Beukes wys hoe faktore in ag geneem moet word (hfst. 7). Daarbenewens bespreek hy kategeseleerplanne, onderrigbeginsels, kategetiese metodes, visuele en ander hulpmiddels en sluit met 'n hoofstuk oor "praktiese sake".

Die werk van Beukes is netjies uitgegee en behoort deur ons predikante en teologiese studente nie net gelees, maar bestudeer te word.
B.S.

Trimp, C. 1983. *De Gemeente en haar Liturgie:* Een Leesboek voor Kerkgangers. Uitg. Van den Berg, Posbus 27, Kampen 268 bll. Prys f28,50.

Prof. Trimp het ons liturgiese geskrifte met hierdie deeglike boek verryk. Hy meld self dat hy nie alle liturgiese aspekte gedek het nie — bv. is Woordbediening weggelaat — maar hy stel tog 'n hele aantal belangrike sake aan die orde. Hy skryf oor die (charismatiese!) gemeente, oor gebed en sang, oor nagmaalviering en doopbediening en huweliks"bevestiging". Meeste van hierdie artikels het reeds in *De Reformatie* verskyn en is tans aangevul en gesistematiseer.

Wat ek van die skrywer waardeer is sy Skriftuurlike en konfessionele benadering, sy trinitariese uitbou van argumente. Hy huiwer ook nie om waar nodig van Calvyn te verskil nie (100, 116). Hy skryf meeslepend en met openheid, waarvan ek 'n enkele illustrasie gee: "Een kerk die meent dat alles 'in orde' is, als er maar ambtelijke orde is en vervolgens meent vanwege de in haar midden werkzame ambten de charismata wel te kunnen vergeten, wordt een zelfgenoegzaam gezelschap en gaat ten onder aan haar klein-menselijkheden en de geborneerdheid van haar verburgerlijkt bestaan. Verkiezing van ambtsdragers wordt tot een routine-matige administratieve maatregel, zo niet erger; evangelisatie wordt een zaak van hobbyisten en de

onderlinge vermaning, vertroosting en hulpverlening worden vervangen door praten, eindeloos praten over elkaar en het van tijd tot tijd invullen van een acceptgirokaart" (48).

Enkele belangrike gesigspunte wat Trimp na vore bring is die volgende: Hy neem dit op vir die algemene gebed ná die preek (79v) waarmee Skriflesing en preek dan weer een geheel kan vorm (80). Hy noem ook dat nagmaalviering hoegenaamd nie minder as Woordbediening is nie (11). Hy lewer 'n sterk en gemotiveerde pleidooi dat die *gemeente* — nie die voorganger nie — weer *Amen* moet sê (95-100). Die inskink van die wyn tydens die nagmaalviering vorm geen aparte liturgiese moment nie (105). Interessant is ook sy verwysing dat ons nagmaalsformulier 'n stukkie lutheraanse formulier oorgeneem het (136). Ons vier nagmaalvieringe per jaar is meer Zwingliaans as Calvyns (143). Opvallend is dat Genève geen voorbereidingspreek geken het nie — dit was ouderling-werk voor nagmaal (146) —terwyl die dankseggings- of nabetragtingsprediking aanvanklik ook onbekend was (146). Nie die kerk nie maar wel die staat *bevestig* 'n huwelik (247, 264); wat die kérk (moet) doen, is om die Naam van die Here oor die huwelik van die getroude paartjie aan te roep.

Hoewel my waardering vir die boek oorwegend is, wil ek tog enkele kleinere kritiekpunte na vore bring. Tereg maak die skrywer besonder baie gebruik van die *verbonds*tema maar ongelukkig is die tema van die *koninkryk van God* totaal onderontwikkel, selfs waar mens dit logies sou verwag: op bl. 10 word bv. van die nuwe mensheid (in plaas van die koninkryk van God) as "die kroon van die geskiedenis" gepraat. Ek is ook nie heeltemal oortuig dat die "twee dele van die verbond" waarvan in die doopsformulier sprake is, sien op die belofte en eis van God" nie (171). Moet by die "fundamentele voorwaardes vir 'n goeie wyse van doopbediening" nie ook verwys word na 'n ampsdraer en water nie (192)? Die gebruik van die woord *kerk* is nie altyd konsekwent nie: soms sien dit tereg op die *lidmate* (18), soms foutiewelik op die *gebou* (11, 59, 65, 232). Soms sou ek graag wou sien dat die skrywer sekere gegewens evalueer (bv. 142-144, 145). Daar word sober van bronverwysings gebruik gemaak en soms wonder 'n mens waar al die feitemateriaal vandaan kom. Hier en daar kom herhalinge voor, uiteraard, en ek wonder of hfst. 16 en 17 heeltemal goed inpas by die geheel. Ongelukkig verskyn die inhoudsopgawe volgens oud-Nederlandse gebruik ágter in die boek.

Samevattend egter n specimen van hoogstaande reformatoriese besinning en dus hartlik aanbeveel.

JHvW.

Noordmans, O. 1979. *Verzamelde Werken. Deel 2. Dogmatische peilingen rondom Schrift en Belijdenis.* Kampen: J. H. Kok. 526 bll. Prys R40.

Reeds by 'n vorige geleentheid het ek die aandag gevestig op Noordmans se *Verzamelde Werken Deel 8* en tans wil ek kortliks die aandag vra vir Deel 2. Soos die subtitel aandui handel dit oor dogmatiese peilinge en dit bevat inderdaad saam met Deel 8 Noordmans se belangrikste dogmatiese insigte. Tewens is hierby ingesluit sy befaamde verklaring van die Twaalf Artikels wat in 1934 onder die titel *Herschepping* verskyn het.

Uiteraard is dit 'n onbegonne taak om ook maar enigsins so 'n versamel-

werk, waarin *soveel* temas aangeraak is, omvattend te resenseer. Meer as 'n bekendstelling kan dit dus nie wees nie. Maar watter temas Noordmans ook al aan die orde stel, soos byvoorbeeld oor die OT en NT, die gelykenisse, die opstanding, predestinasie, Woord en Gees, Skrif en belydenis, versoening, die Heilige Gees, altyd is sy argumentasie gedeë en teologies begrond. Telkens roep Noordmans ons tot nadenke, selfs in gevalle waar ons hom nie sou kon navolg nie soos byvoorbeeld in sy kritiese bespreking van gedeeltes van die belydenis. Maar selfs dán is sy argumente nie gebore uit teologiese liberalisme nie maar uit 'n worsteling met die gegewens van die Skrif self. Sy toeligting op Sondae 7-22 van die Heidelbergse Kategismus onder die titel *Het Koninkrijk der Hemelen*, waarmee hierdie versamelwerk afsluit, is allesins die moeite werd en getuig van buitengewoon groot kennis van die reformatoriese belydenis.

In hierdie werk vind ons ook veel gesiteerde uitdrukkinge, soos bv. dat "de gereformeerde de tweelingbroeder is van de doopsgezinde" (464) en: "Gods eeuwige besluiten worden op het laatste ogenblik genomen" (493).

Ons hoef hoegenaamd nie met Noormans in alles saam te stem nie indien ons beweer dat ons hier met hoogstaande teologiese insigte te doen het. Hy word trouens deur talle teoloë as knapste Nederlandse teoloog van hierdie eeu beskou. Ek wil die kritiese bestudering van hierdie versamelwerk graag aanbeveel — dit kan ook maklik volgens die metode van 'n dagboek deurgelees word.

JHvW.

Ntoane, L. R. Lekula. 1983. *A Cry for Life: An Interpretation of "Calvinism" and Calvin.* Kampen: J. H. Kok. 276 bll. Prys R18.

Dit is enigsins met teensin dat ek hierdie boek van dr. Ntoane (N) bespreek. Dit is een van die eerste teologiese proefskrifte van 'n swart NG teoloog uit SA en as sodanig het dit groot verwagtinge gewek. Daarby is die onderwerp ook besonder boeiend: het ons in SA met 'n verworde Calvinlsme te doen, ja of nee? Ek het die proefskrif egter met teleurstelling gelees en dit sal weldra blyk waarom.

Die proefskrif bestaan uit drie dele waaronder 8 hoofstukke. Kort saamgevat kom dit daarop neer dat die skrywer wil aantoon, veral aan die hand van prof. J. A. Heyns (H) se *Dogmatiek*, hoedanig die ware Calvinisme in SA verword het tot 'n geïdeologiseerde teologie, tot Christelik-nasionalisme. Hierdie verwording blyk volgens die skrywer duidelik indien die SA "Calvinisme" met Calvyn self vergelyk word, veral met die *Institusie* van Calvyn. Wat egter deurgaans hinder is dat die proefskrif wemel van eklektisismes, selektismes, generalisasies en konteksiose bronaanwending.

Wat hoogs onwetenskaplik aandoen is die skrywer se selektiewe bronaanwending. So kom H. G. Stoker bv. veral ter sprake aan die hand van 'n artikel van hom wat in 'n gemeenteblad verskyn het (33). Soms voel die skrywer selfs die leemte aan as hy verskoning probeer maak vir fragmentarisme (55) en subjektivisme (68). Hy leun ook besonder swaar aan op W. J. de Klerk se *The Puritans in Africa* vir 'n beskrywing van die SA problematiek. Is die effens verdagmakende verwysing na W. D Jonker nodig en ter sake net omdat hy 'n waarderende resensie van Heyns se *Dogmatiek* geskryf het (68-69)?

Mens sou kon aanvoer dat daar beter voorbeelde in SA te vind is van 'n verworde Calvinisme as Heyns se *Dogmatiek*. Die idee kan ook moeilik onderdruk word dat net omdat Heyns aan die AB behoort (69) daar geen goeie teologiese insigte by hom te vind sal wees nie. Die "géén" is nie oordryf nie: ek kan nie onthou dat ek êrens in die proefskrif 'n woord van positiewe waardering vir Heyns gevind het nie.

Om die verwording van Calvinisme in SA te beskryf kies dr. N. dus J. A. Heyns, maar dan ook nie die volle Heyns nie, slegs sy *Dogmatiek*. Al bring so 'n beperking, gesien die onderwerp, bepaalde probleme met hom mee, staan dit 'n ondersoeker in 'n sekere sin vry om sy onderwerp te beperk solank vertekening nie plaasvind nie Maar as dr. N. hierdie beperking en seleksie deurvoer tot in die *Dogmatiek* van Heyns self en slegs enkele hoofstukke hieruit na vore bring *sonder enige verwysing na ander en ter sake hoofstukke in die Dogmatiek*, oorskry hy myns insiens die grense van wetenskaplikheid en teologiese verantwoordelikheid. So kritiseer dr. N. bv. H se siening van die werk van Heilige Gees (75) sonder enige eksplisiete verwysing na H se breedvoerige behandeling van hierdie tema later in sy *Dogmatiek*, bl. 298v; dr. N verwerp H se Christologie as docetisties (72, 76, 119, 242) sonder om H se Christologiese uiteensetting in sy *Dogmatiek* bl. 242v ter sprake te bring; ook H se Godsleer kom onder skoot (78), maar weer eens sonder verwysing na H se uitvoerige behandeling daarvan in sy *Dogmatiek* bl. 37v; H se openbaringsbegrip word as "natuurlik" afgewys sonder om sy uiteensetting in hierdie verband aan te hoor, *Dogmatiek* bl. 29v; ook sou H die radikaliteit van die sonde misken (87, 96, 99. 106, 108), maar ons vind geen verwysing na H se hoofstuk oor die sonde nie, *Dogmatiek* 174v; H se kerkbegrip is volgens dr. N. polities gekleur (95), maar H se uiteensetting in *Dogmatiek* bl. 369v word geïgnoreer; ook H se gepolitiseerde koninkryksbegrip word genoem (95) maar H se bespreking hiervan in *Dogmatiek* bl. 353v word verswyg; dr. N. beweer dat H sê dat "God can as such not intervene in creation" (101), terwyl H graag die teendeel beweer, *Dogmatiek* bl. 149; ook sou volgens H die skepping eenmaal geen "radikale verandering" ondergaan nie (101) terwyl H dit duidelik betoog, *Dogmatiek* bl. 410v; H sou selfs die mens met God gelykstel en hom vergoddelik (104), iets wat H tog duidelik ontken, *Dogmatiek* bl. 128v.

Om saam te vat: Heyns as teoloog in die algemeen en sy *Dogmatiek* in die besonder word so verteken deur middel van hierdie eklektiese metode dat beide onherkenbaar is. Dit is ook onbegryplik dat die promotor prof. Jan Bakker nie sy student hierin sterker leiding kon gegee het nie. Daarmee is aan die saak van die koninkryk van God in SA 'n ondiens bewys, want dat daar inderdaad groot verwording van die Calvinisme in SA plaasgevind het, sal niemand kan ontken nie.

Vervolgens word Calvyn aan die orde gestel — iets wat myns insiens metodologies voorop moes gegaan het. Ook hier volg die skrywer formeel dieselfde metode as by Heyns: nie die volle Calvyn nie maar net sy *Institusie*, ook nie die volle *Institusie* nie maar net sekere dele daarvan word bespreek. Onverskoonbaar is myns insiens die totale weglating van Calvyn se ekklesiologie, wat vir die onderwerp tog van fundamentele betekenis is. Opvallend is ook dat dr. N Calvyn ter sprake bring asof hy die eerste persoon is wat Calvyn gelees het en dat hy hom sonder ander bronvermeldinge interpreteer (223) Weliswaar verwys hy later na ander Calvynavorsers (225) maar vorder eintlik nie verder nie as 'n herhaling van sy eie sieninge (224-237). Calvyn se

hele teologie word ook, myns insiens ten onregte, gereduseer tot Christologie en soteriologie (233, 234).

In 'n slothoofstuk word 'n samevatting van die afgelegde weg gebied. Daar is volgens die skrywer geen ander konklusie nie as dat Heyns se standpunt 'n "departure" van Calvyn se gesigspunte beteken en dus 'n "distortion" daarvan inhou (246). Tussen beide is 'n "fundamental difference" (249). Calvyn se teologie kan selfs dien "as an instrument in Black liberation struggle" (253).

Dit doen my leed aan om te moet konkludeer dat die skrywer nie in sy doel geslaag het om sy taak ten opsigte van Heyns en Calvyn "in all fairness" (23) uit te voer nie. Waarskynlik het sy vooringenomenheid en omstrede metodologie hierin belemmerend gewerk. Ten opsigte van Heyns se *Dogmatiek* stem ek saam met die konklusie van JJFD in *Die Kerkbode* van 2 Jan. 1980: "Gelukkig gaan die bedenkinge daarom nooit oor die grondslae van prof. Heyns se dogmatiese denke nie. Daarvoor is hy te bewustelik gereformeerd".

Op talle plekke kon dr. N dan ook tot geen ander konklusie kom as Heyns in sy *Dogmatiek* nie.

JHvW.

C. J. Smit 1984: *Die belang van die doop vir u kind*. Wat sê die Heilige Skrif? NG Kerkboekhandel Posbus 245 Pretoria. R5,90.

In ses kort stewige hoofstukke, vol pakkende segswyses, bespreek Smit die dopeling en doop, die doop en die genadeverbond, die besnydenis en die doop, die kinderdoop as seël en teken, besprinkeling of onderdompeling en ouerverantwoordelikheid. Hy dra die werk op aan die ouers en hulle kinders vir wie die doop 'n teken van God se belofte en trou is.

Die boekie (78 bladsye) is so geskryf dat elkeen dit kan verstaan. Paragraaf vir paragraaf lewe met beelde en gedagtes uit en verwysings na die Skrif (en nie na teoloë nie). Hy sê talle ou dinge pakkend nuut. As dit "populêr" beteken, is die werk selfs waar Grieks aangehaal word, dit (17). 'n Kritiese opmerking moet miskien aan die gereformeerde (Nederlandse?) tradisie eerder as aan Smit gerig word. Smit handel eg-gereformeerd oor "die verbond". Smit reken met die verbond as relasie tussen God en sy kind (volk) (25, 37v). Tog dreig die gevaar dat teologisering oor "die verbond" as sodanig, "verbond" tot iets op homself abstraheer, objektiveer en verselfstandig en 'n idee wek dat dit (19-28, 33, 37 ens). eintlik doen wat God doen. Iets hiervan voel ek ook aan wanneer "die geloof" (41v) min of meer objektief as iets op sigself, in plaas van die *mens wat glo*, na vore tree. Die kritiek raak die styl wat m.i. die dinamiese subjektiewe betrokkenheid van God en mens in relasie (verbond) moet benadruk omdat dit teenoor anabaptiste so nodig is.

'n Paar vrae het ook opgekom: Gee God geloof "by wyse" van die verbond (41)? Word doop bedien "op grond van" die ouers se geloof (veronderstelde wedergeboorte) (40)? Of verseël dit beloftes van God? Setel die "reg van kinderdoop . . . onteenseglik in die genadeverbond" (43) of in die heilswil van God wat die genadeverbond tot gevolg het?

Die werk van Smit moet in die kerke versprei word en sal mense help om hulle doop te omhels. Die boek is keurig in hardeband uitgegee..

B.S.